



# Goeie Nuus Good News

**NOU REEDS 26 JAAR OUD!**

**GRATIS**

**Maart  
2025**

**AANLYN-UITGAWE  
ONLINE EDITION**

Posbus 1957  
Potchefstroom 2520  
Tel: 079 273 4630  
[www.goodnewsmessage.co.za](http://www.goodnewsmessage.co.za)  
Goeie Nuus Koerant -  
Good News Newspaper



# Die Verligter

## Gregorius, Armenië, 301 n.C.

**T**erwyl Gregorius na die kasteel toe stap, skerm hy sy oë teen die skerp son. Tog kan hy nie help om die lig- en kleurespel te bewonder nie, en hy kyk skreefoog na die landskap voor hom.

Dit is veertien jaar sedert hy laas die son gesien en vars lug ingeasem het. Hy weet nie of hy hom gaan ooreis nie, maar hy neem in elk geval soveel moontlik daarvan in. Hy onthou met ontsag die aanskoue van die berg Ararat, die eerste toneel wat hom begroet het toe hy uit die gevangenis van Khor Virap vrygelaat is. Dis die mooiste gesig wat hy nog in sy hele lewe gesien het.

Waar hy deur die wagne in die gange van die kasteel af gelei word, is hy 'n vreemde gesig in kontras met die weelde van die Armeense koninklike woning. Terwyl hy 'n oomblik voor 'n tapisserie talm, kyk een van die soldate na hom.

Sy hare is lank en onversorg, nes sy baard wat amper tot aan sy middel reik. Alhoewel hy net oor die 40 is, is sy hare grys en lyk dit of hy al in sy 60's moet wees. Boonop is hy uitgeteer en sy klere hang in vodde aan sy lyf.

"Tog," dink die wag, "die koning se suster het hom ontbied. Ons durf nie tyd mors nie." "Kom," sê hy vir die man, "ons word elders ver wag."

Gregorius volg inskiklik, sonder om 'n woord te sê.

Toe hulle 'n luukse kamer binnegaan, staan die koning se suster, Khosrovitookht, op en kom nadergestap om die gevangene

se hande in hare te neem. Die wag word opnuut getref deur die skerp kontras tussen haar koninklike teenwoordigheid en hierdie skim van 'n gevangene. Vol afkeer tree hy vorentoe om tussenbeide te tree. Maar in plaas daarvan om die wag se besorgdheid te verwelkom, draai sy na hom en wys dat hy kan gaan.

"Broeder Gregorius, u het my so dikwels in u 'huis' verwelkom. Ek is bly dat ek u nou in myne kan ontvang," sê Khosrovitookht, gedagtig aan haar gereelde besoeke aan Gregorius in die kerker waar haar broer hom veertien jaar gelede laat opsluit het.

Gregorius glimlag, en vir 'n oomblik kyk sy in sy oë. Ten spyte van sy uiterlike voorkoms sou sy nooit kon dink dat hierdie man so pas vrygelaat is nadat hy jare in 'n donker gat deurgebring het nie. Hy straal vrede uit soos wat die son lig uitstraal!

"Ek het u vrylating gereël," begin sy stadig. "My broer, die koning is nie gesond nie." Dan vertel sy hom die res van die verhaal.

Na Gregorius se gevangeneeming het koning Tiridates III, haar broer, al hoe wilder geword in sy pogings om die "ketterse" Christendom in Armenië uit te wis, soos sy hom alreeds tydens haar besoeke vertel het. Verskriklike dinge het gebeur sedert sy hom die laaste keer gesien het. Baie mense is doodgemaak en tog is daar al hoe meer mense wat Jesus as Here bely.

Tydens die laaste insident het Tiridates self na die teregstelling van 'n groep Hripsimeyaanse

nonne gaan omsien. Sy weet nie wat presies gebeur het nie, maar telkens wanneer sy mense daarvoor uitvra, vertroebel hulle oë en sê hulle dat dit nie die soort ding is wat 'n prinses behoort te hoor nie.

Met Tiridates se terugkeer het hy hom in sy kwartiere gaan toesluit en geweier om enigiemand te sien. Toe 'n bekommerde hofknaap uiteindelik 'n paar dae later met 'n bord kos na hom toe gaan, het hy gesien dat die koning alles met sy kaal hande verwoes het. Die hofknaap het net-net met sy lewe daarvan afgekome.

"Ek is bevrees hy het van sy verstand af geraak," sê die prinses. "Niemand kan sy kamer binnegaan nie uit vrees dat hy hulle sal doodmaak. Ek weet dis seker die beloning vir al sy boosheid. Maar dit het my ook die geleentheid gegee om u vrylating te reël."

"Vat my na hom toe," val Gregorius haar in die rede.

Die prinses kyk vol ongeloof na hom. "Maar verstaan u nie wat ek gesê het nie? Dit is die man wat u so lank gelede in daardie gat opgesluit het! Hy sal u doodmaak. U van alle mense! U kan nie ingaan!"

Weer maak Gregorius haar stil. "Vat my na hom toe. Soos ek jou probeer leer het, is God nie 'n God van waansin nie, maar van liefde. Hy het my ter wille van sy majesteit hiernatoe gebring."

Oplaas laat vaar die prinses haar besware en maak soos Gregorius vra. Toe sy aanbied dat hy eers bad en nuwe klere aantrek, sê hy dat dit kan wag tot nadat hy by die

koning was.

Khosrovitookht lei Gregorius na die koning se kwartiere, sluit die deur oop om hom in te laat en sluit dit dan weer agter hom. Daar is 'n taamlike kabaal, maar dan is dit stil.

Terwyl sy buite sit en wag, bid die prinses. Hoekom is dit so stil? wonder sy. Het Tiridates vir Gregorius vermoor? Lê hy nou dood op die vloer terwyl ek hier sit?

Dan hoor sy 'n klop aan die deur. Sy hardloop nader om dit op 'n skrefie oop te maak en is verlig om Gregorius se verweerde gesig aan die ander kant te sien. Wat haar egter nog meer verbaas, is haar broer, kalm en by sy volle positiewe, wat agter Gregorius verskyn.

Binne die volgende paar weke is die koning en almal in die kasteel as Christene gedoop. Armenië het die eerste land geword waar Christenskap gewettig is, twaalf jaar voordat Konstantyn se Edik van Milaan Christenskap in die Romeinse Ryk gewettig het.

Omdat hy die lig van geestesgesondheid en Christenskap aan die koning en die mense van Armenië gebring het, het Gregorius later as "Gregorius die Verligter" bekendgestaan.

— ooo OOO ooo —

"Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here; soos 'n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies" (Spreuke 21:1). - *Fanaties vir Jesus, Volume II, dc Talk en The Voice of the Martyrs, CUM, 2004.*

# 'n Brief aan Ons Seniors: Soos 'n Koel Aandwindjie

**D**ie ou swartman het gesê: My favorite words ob de Bible am dese: 'And it came to pass.' And here am de reason: When trouble comes and over-flows my soul wid sorrow; when de testings and trials ob life break in their fury over my head, I turns to God's Word for help and com-fort. I don't read very long until I comes acros de words, 'And it came to pass.' Dese words teaches me dat de sorrows and troubles didn't come to stay. Dey come to pass.'" Wise indeed was our aged friend! **After the sorrows and trials of life will have wrought their soul their soul-refining, character-ennobling purposes, they will pass away:** "Weeping may endure for a night, but joy cometh in the morning!"

In die ouderdom het baie van ons 'n belewenis van NIKSWEES of NIKSWERD VOEL. Jy het God al op jou lewenspad leer ken, asook Sy genade en jou in Sy liefde verlustig. Jy het 'n lang pad met Hom geloop tot hier toe. Jy het die piek van jou lewensbestaan bereik, baie beleef, was vir baie mense van groot waarde en het baie lewenservaring en wysheid opgedoen. En nou? Nou is jy oud. Nou is dit asof alles drasties tot 'n stilstand gekom het. Jy het al afgeskaal, kleiner gegaan, in 'n meenthuis of selfs in 'n ouetehuis jou intrek geneem, of by die kinders gaan bly. Soms voel dit asof jou familie jou verlaat het. Ek onthou 'n ou dame se woorde: "My kinders is almal te BESIG om by my uit te kom." 'n Ander een: "My seun is altyd haastig, wil nie eers 'n minuut by my kom sit nie!"

Dit is gelukkig nie altyd die geval nie. Maar 'n mens wonder: Wat moet ek doen? Grawe jou in die Woord van God in en leef in 'n noue verhouding met die Here. Dink aan die woorde van die ou swartman: "And it came to pass." Ja, daar is 'n einde aan elke storm, elke storm woed uit. Kom ons kyk na verskillende bejaarde Bybel-figure se lewens.

By die geboorte van Rut se seun Obed, het die vrou vir Naomi, die skoonmoeder van Rut, gesê: "**Hy sal vir jou een wees wat jou siel verkwik en jou grysheid versorg; want jou skoonogter wat jou liefhet, het hom gebaar, sy wat vir jou meer werd is as sewe seuns**" (Rut 4:15). Naomi het 'n bitter lewe gehad in die vreemde. Weens die droogte en hongersnood in haar eie land het hulle as gesin na Moab verhuis. Daar het sy haar man en twee seuns verloor. Sy besluit om terug te keer na haar eie land. Na Betlehem-Juda. Net

sy en haar twee skoonogters, Moabiete, het oorgebly. Sy wil hulle terugstuur, want sien geen toekoms vir hulle saam met haar nie. Wat hou die lewe vir haar in op haar ouderdom? Orpa draai om.

En Rut? Sy bly lojaal en verklaar: "**Moenie by my aandrang dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die HERE so aan my doen en so daaraan toedoen - net die dood sal skeiding maak tussen my en u. Toe sy sien dat sy vas besluit het om met haar saam te gaan, het sy opgehou om met haar te spreek**" (Rut 1:16-18). Wat 'n lieflike skoonogter! Baie van ons het so 'n skoonogter of 'n skoonseun of kinders wat trou sweer aan ons op ons oudag, "**wat jou siel verkwik en jou grysheid versorg.**" God het Naomi se smart omgedraai en sy het 'n gelukkige oudag gehad.

Volgende getuig die Psalmis van God se konstante hulp van sy jeug af tot in die gryse ouderdom: "**En ook tot die ouderdom en die grysheid toe - o God, verlaat my nie, totdat ek aan die volgende geslag U arm verkondig, aan almal wat sal kom, U mag**" (Ps. 71:18). Salomo voeg by: "**Grysheid is 'n sierlike kroon; dit word gevind op die weg van geregtigheid**" (Spr. 16:31). Die Here het al dikwels vir ons gesê: "**...en tot die ouderdom toe is Ék dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ék het dit gedoen, en Ék sal julle opneem, en Ék sal dra en red**" (Jes. 46:4).

Jy kom deur baie storms, baie smarte, pyn en lyding. Maar met die Here se genade het jy deur-gekom! Hoe? **Want Hý het jou gedra! En jy is nog hier! God kan en sal en wil jou nog gebruik!** Die Here kom in sagtheid, met liefde en medelye na jou, en Hy kom om jou trane af te vee. Soos 'n koel aandwindjie na Adam en Eva, direk na die sondeval, terwyl hulle met skuld belaa is. In 'n staat van selfveroordeling. Met 'n berouvolle hart. Met die wete: "Ek het geval!" Kan nie weer opstaan nie. Dalk voel jy ook so. Luister mooi, luister fyn. Voel jy die ligte Briesie van die Heilige Gees? Jy vra: Hoe sal ek dit kry? Sak neer in verootmoediging en gebed voor Hom. Stort jou hart uit. Vra Hom vir 'n geopende oor om te hoor en 'n geopende oog om te sien met die geopende Woord voor jou. **En jy sál die koel aandwindjie voel wat verkwikkend na jou toe kom.** Verlustig jou in Hom! Bou jou lewe

op die Woord.

Onthou, jy is die boom wat by die waterstroom geplant is, en Jeremia sê: "**Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie**" (Jer. 17:8). Jy sal kom op 'n plek waar jy jubel in Die Here. **Jy sal tot rus kom in die Here**, omdat Hy Hom oor jou ontferm en vir jou omgee, en jy sing en bid die volgende liedere saam met Israel: "**Toe die HERE die lot van Sion verander het, was ons soos die wat droom. Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel; toe het hulle onder die heidene gesê: Die HERE het groot dinge aan hierdie mense gedoen. Die HERE het groot dinge aan ons gedoen: ons was bly! O HERE, verander ons lot soos waterstrome in die Suidland. Die wat met trane saai, sal met gejubel maai. Hy loop aldeer en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra**" (Ps. 126:1-6). Bid saam met Dawid: "**Die meet-snoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi. U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor U aangesig, lieflikhede in U regterhand, vir ewig**" (Ps. 16:6, 11).

Lees wat sê Paulus vir Timótheüs, wat op hierdie stadium self die herder, die pastor van die gemeente in Efese is: "**Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggeleë die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy verskyning liefgehad het**" (2 Tim. 4:7-8). Jy kan dalk sê: "Ek voel ek het in baie opsigte gefaal! Ek voel so nutteloos! Ek voel soms so ver van God verwyder!" Maar, jy weet mos al teen dié tyd, dit gaan nie oor hoe jy voel nie. Die Woord sê die regverdige sal uit die geloof lewe. Dit het Martin Luther ontdek toe hy 'n studie van Rom. 1:17 gemaak het. As dit dan nie gaan oor hoe ek voel nie, waarom gaan dit dan? **Jou gevoel is nie nie jou anker nie, maar jou anker is die standhoudende, onwankelbare karakter van God**, wat gesê het: "**Ek hou jou vas! En niemand sal jou uit My Hand ruk nie!**" (Joh. 10:27). Hy het dan ook gesê: "**Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie**" (Heb. 13:6). Jou behoudende anker is NIE hoe jy

voel nie, maar God se Standvastigheid. God bly getrou. Paulus skryf aan Timótheüs: "**As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie**" (2 Tim. 2:13). Een sangeres sing: "Hou aan met glo, tot die lig deurbreek." En die Woord moedig ons aan: "**O julle wat die HERE herinner aan Sy beloftes - moenie rus nie**" (Jes. 62:6). By die glo moet ons byvoeg: **Bid en glo en vertrou totdat... En wanneer jy deurbreek, ervaar jy die oorwinning!**

Noudat jy in 'n staat van oorwinning leef, kan jy ander help en raadgee en bid, ander ondersteun en verkwikkend wees. Want die koel aandwindjie het genadiglik oor ook jou gewaai. Dan sing ons die liedjie:

**Waaideur my, waaideur my  
O Heilige Gees, kom waaideur my  
Ek stel my oop, laat my oorloop  
Van al U volheid, kom en waaideur my.**

Die koel aandwindjie van God se Teenwoordigheid waaie onophoudelik deur my, en waaie alle vrees, alle bekommernis, alle negatiewe en sondige gedagtes, alle besoedeling in my gees, woede, toorn, wrokkigheid, veronregting, miskenning, alles wat my intieme verhouding met God kan skaad, eie planne en alle ander mense se negatiewe gedagtes, weg. Soos die wind die besoedeling in die lug wegwaai en skoon lug die hemelruim vul wat aangenaam is om in te asem, **reinig en verkwik God my gees**. Dan bring die wind die wolke bymekaar wat helder, skoon en suiwer druppels water laat neersif wat goed is vir plante, mens en dier.

**Ek beleef die koel aandwindjie spoel soos 'n golf deur my met die salwing van die Heilige Gees, want ek het weer eens oorwin!** Nee, dit is nie bloot emosie nie, maar 'n belewenis van God se Teenwoordigheid wat werksaam is in my. En dit bring my tot aanbidding en lofprysing! Dit is wat Jesus bedoel het tydens Sy gesprek met die vrou by die put: "**Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid**" (Joh. 4:23-24). **Aanbid Hom met jou stem en met jou lied wat jy sing. Aanbid Hom! Want waardig is Hy om aanbid te word, en jou lofuiting is aanneemlik vir Hom. Hy het nog 'n taak vir jou. Hy sal jou nie verlaat nie!**

© Dr JJ Venter

# Encountering God

When was the last time you encountered God?

I have been a follower of Jesus for 50 years. I accepted Jesus at the age of 8... you can do the math! I have been a pastor for over 30 years, and I can say this from the depth of my soul: I have been encountering Jesus in a new, personal, joyful, deep, challenging, and exciting way MORE in the past three years than in the previous 47.

You may be asking: What changed? I struggle to put my journey with Jesus into words, but I believe it came down to this: I have spent my life telling people that Jesus loved them and that He had grace for them and knew them by name, but I struggled to receive it for myself. **I knew He loved YOU but I struggled to believe that He could truly love**

ME.

Jesus, knowing that I was struggling, sent people to me (my wife, my therapist, my friends), to confront my wrong belief that I was in a different category when it came to God's love. Through their love and example, I started to open my heart to the promise that when Jesus said, "I love you," He not only meant it but that I could believe it and receive it for myself.

I am in a different place in my faith than I have ever been before, because, in an ongoing way, I am connecting, colliding, and deeply engaging with Jesus in ways that I never imagined possible. And to be honest, most of it is happening in the quiet, reflective moments of my life where God whispers His love to me!

Elijah had been through incredi-

ble trials, from confrontations with kings to moments of fear and despair. He found himself in a cave, hoping for clarity from God. But instead of God coming in a mighty wind, earthquake, or fire, He came in a **gentle whisper**. God often speaks to us not in the dramatic, but in the quiet, subtle moments.

We tend to expect God to speak loudly or forcefully, especially in times of crisis. But often, it's in the stillness that we hear Him most clearly.

Are you in a season where you're searching for God's Voice? Are you waiting for Him to speak dramatically when He's already speaking softly? Listen to how God shows up in Elijah's life: *"After the earthquake came a fire, but the Lord was not in the fire. And after the fire came a gentle*

*whisper"* (1 Kings 19:12 NIV). The whisper of God is a reminder of His proximity. He's near, even when we don't feel it. **The key is learning to listen**. God's Voice may come in the quiet moments, through Scripture, prayer, or even through the words of others. But if we don't pause to listen, we might miss it.

Take a moment today to sit in silence. What is God whispering to you? How can you quiet your heart to hear Him and what will you do with all that He says?

Let's pray: God, thank You for speaking to us in the stillness. Help us to listen for Your Voice, even in the chaos of life. We want to hear Your gentle whisper and follow where You lead. Amen.

-Grant Fishbook

## A KOLOBETSO E TLHOKEGA GORE MOTHO A PHOLOSWE? (Is Baptism Necessary for Salvation?)



**T**umelo ya gore kolobetso e tlhokega gore motho a pholoswe e itsewe gape e le 'tsosoloso ya kolobetso.' Re dumela gore kolobetso ke kgato ya botlhokwa ya tumelo mo go Mokeresete, mme re ganetsa thata gore e tlhokega gore motho a pholoswe. Re dumela ka tlhoafalo gore Mokeresete mong-we le mongwe o tshwanetse go kolobetswa ka go inelwa mo metsing.

Kolobetso e supa fa modumedi a ikamanya le loso, go fitlha, le tsogo ya ga Jesu Keresete. Baroma 6:3-4 e bua jaana: *"A ga lo itse gore botlhe ba ba kolobeditsweng mo go Keresete Jesu ba kolobeditse mo losong lwa gagwe?"* Ka jalo, re ne ra fitlha le

ene ka kolobetso mo losong gore fela jaaka Keresete a tsositswe mo baswing ka kgalalelo ya Rara, le rona re tle re tshele botshelo jo bosh.

Tiro ya go inelwa mo metsing e supa loso le go fitlha le Keresete. Tiro ya go tswa mo metsing e emela tsogo ya ga Keresete. Ga go tlhokege sengwe gape mo godimo ga tumelo mo go Jesu Keresete gore motho a pholoswe. Go kolobetswa ke go supa fela gore o dumela pholoso ya gago le gore o bontsha batho le Modimo gore o mopholosi ka nnete. Ga se gore ke tshwanelo mme ke go tiisa tumelo le bopaki jwa gago. Go oketsa sengwe mo Efangeding ke go bolela gore loso lwa ga

Jesu mo sefapaanong ga lo a lekana go reka pholoso ya rona.

Go re kolobetso e tlhokega gore motho a pholoswe ke go bolela gore re tshwanetse go oketsa ditiro tse di molemo le tumelo mo losong lwa ga Keresete gore pholoso e tle e felele. Loso lwa ga Jesu fela lo dueletse dibe tsa rona (Baroma 5:8; 2 Bakorinthe 5:21). Tuelo ya ga Jesu ya dibe tsa rona e beelwa mo 'tlhokomelong' ya rona ka tumelo fela (Johane 3:16; Ditiro 16:31; Baefeso 2:8-9).

Ka jalo, kolobetso ke kgato ya botlhokwa ya tumelo morago ga pholoso, mme ga e ka ke ya tlhokega gore motho a pholoswe. Kolobetso ga e tlhokagale gore motho a pholoswe. Kolobetso ga e pholose motho mo dibeng mme e mo pholosa mo segakoloding se se maswe mme se aga tumelo. Mo 1 Petero 3:21, Petero o ruta sentle gore kolobetso ga se tiro ya setso ya go phepafatsa mmele, mme ke ikano ya segakolodi se se siameng mo Modimong. Kolobetso ke sesupo sa se se setse se diragetse mo pelong le botshelong jwa yo o dumetseng mo go Keresete e le Mopholosi (Baroma 6:3-5; Bagalata 3:27; Bakolose 2:12). Kolobetso ke kgato ya botlhokwa ya kutlwelo e Mokeresete mongwe le mongwe a tshwanetseng go



Johan Zerwick  
Sêlê ke 083 458 3837

e tsaya.

Kolobetso ga e ka ke ya tlhokega gore motho a pholoswe. Go e dira jalo ke go itsenya tumelong go lekana ga loso le tsogo ya ga Jesu Keresete.

### THAPELO

Ntate wa rona Jesu Keresete re lebogela se o se dirileng mo sefapaanong mme wa swela dibe tsa rona. Re thuse re tlhologanye gore pholoso ya rona e tlisitswe ke loso la Gago le gore madi a Gago a re tlhatswitse gore re nne phepha, re thuse go tlhologanya gore kolobetso go gore re bontshe tumelo ya rona mo go wena le go supa gore re swa le wena mme re tsoga le wena. AMEN.

# Om Hom te Ken

In Johannes 10 vind ons die pragtige beeld van die Goeie Herder. Jesus pas hierdie metafoer op Homself toe om Sy verhouding met Sy kinders uit te beeld: *“Dit verseker Ek julle: Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie maar van 'n ander kant af inklim, is 'n dief en 'n rower. Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder; vir hom maak die hekwagter oop. Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie”* (Joh. 10:1-5 NV). Kom ons oorweeg die progressie van ons verhouding met die Here en hoe ons groei in ons kennis van Hom.

## 1. EERSTE KENNISMAKING

Jesus roep Sy skape op hulle name: *“Hy roep sy eie skape op hulle naam en lei hulle uit”* (Joh. 10:3b DV). In daardie tye het die skaapwagters hulle skape name gegee en elkeen uitgeken. Paulus herinner ons: *“So het Hy ons voor die grondlegging van die wêreld in Hom uitgekies, sodat ons heilig en onberispelik in liefde voor Hom sou wees, nadat Hy ons voorbestem het om ons deur Jesus Christus as Sy kinders aan te neem, soos Hy dit volgens Sy wil goedgevind het, tot lof van die heerlijkheid van Sy genade, waarmee Hy ons in die Geliefde begenadig het”* (Ef. 1:4-6 DV). In Jesus het God ons begenadig en ons op die naam geroep om Syne te wees.

God se wil is dat almal gered word (2 Pet. 3:9). Wanneer ons die eerste keer hierdie Roepstem hoor, hetsy deur 'n preek, 'n voorbeeld of gesprek met 'n gelowige ouer of familielid of vriend, of via 'n TV-program of skryfstuk, die natuur, 'n droom of visioen, moet ons oorweeg of ons wil beantwoord. Dit mag dalk aan die begin vreemd wees. Ons moet ook oorweeg Wie dit is wat ons roep. Paulus het gevra, *“Wie is U, Here?”* toe Jesus die eerste keer aan hom verskyn het (Hand. 9:5).

In Joh. 10 sien ons dat die Joodse leiers ook hierdie vraag vra, maar dalk met meer ongeloof en verharding van hart: *“Die Jode het daar om Hom saamgedrom en vir Hom gesê: ‘Hoe lank gaan U ons nog in onsekerheid hou? As U die Christus is, sê dit reguit vir ons.’ Jesus antwoord hulle toe: ‘Ek het dit vir julle gesê, en tog glo julle nie. Die dae wat Ek in die Naam van My Vader doen, bewys Wie Ek is. Maar julle glo nie, omdat julle nie van My skape is nie. My skape luister na My stem; Ek ken hulle,*

*en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie”* (Joh. 10:24-28 NV).

Elke mens moet besluit of hulle die Roepstem van God, die appèl op hul gewete, wil volg of nie. Hy of sy moet die feite of motiverings oorweeg wat hom of haar bereik en roep tot oorgawe. Uiteindelik moet dit oorgaan vanaf kopkennis na hartskenis. Wanneer word Jesus meer as net 'n historiese of mitiese figuur in my lewe? Op 'n stadium moet ons besluit of ons “God se hand wil skud” en 'n pad met Hom wil stap. Ons moet besluit hoe ons op die eerste (of tweede of derde) kennismaking wil reageer. Op indirekte kennis. Maar om die volgende stap te kan neem, moet ons eers uitvind Wie Jesus werklik is.

## 2. CHRISTUS SE IDENTITEIT

in Johannes 10 maak Jesus dit duidelik Wie Hy is: *“n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê Sy lewe af vir die skape. 'n Huurling is geen herder nie, en dit is nie sy eie skape nie. As hy 'n wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg, en die wolf vang die skape en jaag die trop uitmekaar. Hy is 'n huurling en bekommer hom nie oor die skape nie”* (Joh. 10:11-13 NV). Hierdie beeldspraak bou op dié van die Ou Testament (Ps. 23; Jes. 40:11; Jer. 23:1-4; Eseg. 34; Sag. 11). Jesus is die Messias, die Gesalfde, die Een wat gestuur is om redding vir ons te kom bewerk (Joh. 4:25). Hy is die Seun van God wat die ewige lewe gee aan dié wat glo: *“Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit My hand ruk nie. My Vader, wat hulle aan My gegee het, is groter as almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. Ek en die Vader is een. Die Jode het weer klippe opgetel om Hom te stenig”* (Joh. 10:28-31).

Dit was baie duidelik dat Jesus bedoel het dat Hy Self God is, want die Jode wou Hom stenig omdat hulle dit as gods-lastering gesien het (v. 33). Daar is baie vandag wat sê dat Jesus nooit gesê het dat Hy God is nie. Maar dit is onwaar. Jesus het gesê dat Hy voor Abraham bestaan het, en Hy gebruik die Naam “Ek is” (Joh. 8:58; ook Joh. 8:28) wat terugverwys na Eksodus 3:14, waar God Homself aan Moses (en Israel) openbaar het as “Ek is”. Jesus het van God uitgegaan (Joh. 3:13; 4:34; 6:38; 8:42) en noem God Sy Vader (Joh. 8:49, 54), die Regter. Hy het God se heerlijkheid gedeel (Joh. 17:5). Hy

gee ewige lewe (Joh. 8:51; 10:28). Weer eens wou die Jode Jesus stenig oor Sy uitsprake (Joh. 8:59). Hy het ook gesê dat Hy Here oor die sabbat is (Mark. 2:23-28), dat Hy mag het om sondes te vergewe (Mark. 2:5), en outoriteit om te oordeel (Mark. 14:62) en dat Hy die Vader se Verteenwoordiger is (Joh. 14:9). Ja, Jesus het definitief Homself geopenbaar as die Seun van God, en Self ook God (Joh. 1:1-2).

Skeptici sal dadelik sê, “Extraordinary claims require extraordinary evidence” (‘n gesegde wat deur Carl Sagan en ander bekendgemaak is). Daar is waarheid hierin. Daarom sê Jesus dat die Jode in Hom moet glo op grond van Sy wonderwerke. Sy Vader getuig ook van Hom (Joh. 8:18; Matt. 3:17). So ook die Ou Testamentiese profesieë. Natuurlik is Sy opstanding die grootste bewys dat Sy woorde waar is. Hy is die deur waardeur ons moet ingaan (Joh. 10:7) en die enigste weg tot die Vader (Joh. 14:6). Ons het dus Skrifgetuigenis wat Jesus se Identiteit blootlê en ons moet daarop reageer as ons wil vorder op ons geestelike pad. Ons moet die deur as't ware oopmaak en deurstap.

## 3. VERTROU SPRUIT UIT VERHOUDING

‘n Mens mag dalk wonder: Ek hoor al hierdie dinge en wat Jesus oor Homself gesê het. Ek neem kennis van die historiese bewyse en van mense se verhale en getuigenisse. Maar hoe weet ek of ek Hom kan vertrou? Hy vra dat ek alles aan Hom moet oorgee, maar hoe weet ek of ek nie 'n fout sal maak nie? Dit klink darem baie riskant. Dit is hier waar ons vanaf kopkennis na ervaringskennis moet beweeg.

Die groot genade is dat Jesus nie net 'n magtige God is wat aanbidding vereis nie. Hy is nie 'n kosmiese Diktator nie. Hy forseer niemand om Hom te dien of Hom lief te hê nie. Maar Hy verlang 'n intieme verhouding met elkeen van ons. Hy was bereid om alles neer te lê om die Vader se wil te doen en aan ons die ewige lewe te kan gee (Joh. 10:15). Hy het ons eerste liefgehad en dit bewys deur Sy lewe vir ons te gee. Hoe sal Hy ons dan nie in liefde verder lei tot die voleinding van alle dinge nie?

Ons moet begin om in geloof die eerste stap te neem. En dan die volgende een. Altyd afhanklik van Sy leiding. Ons val en ons staan op. Ons volg die Goeie Herder omdat ons Sy Stem ken - al hoe beter soos wat ons hand aan Hand deur al die lewenskrisisse en -vreugdes beweeg. Al weet ons nie waarheen Hy lei nie, weet ons Wie dit is wat lei. Ons vertrou Sy motiewe, al lyk dinge vreemd of

het mense ander raad. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, Hy lei my daardeur (Ps. 23:4). Ek begin besef dat ek Hom kan vertrou, selfs met my hele lewe.

## 4. VERDIEPING VAN 'N INTIEME VERHOUDING

Jesus bevestig nog 'n maal: *“Ek is die goeie herder. Ek ken My skape, en My skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê My lewe af vir die skape”* (Joh. 10:14-15 NV). Meyer skryf: *“As between God and Christ, so also between Christ and His people, the reciprocal knowledge is a knowledge growing out of the most intimate fellowship of love and life.”* Dit is ervaringskennis. En soos wat ek meer en meer verhoudingservaring opdoen, groei my verhouding en my vertrou in Hom. Ek rig geestelike mylpale op en kan gereeld terugkyk en Hom loof vir Sy getrouheid. Ek toets die beloftes van Sy Woord en kan dan proefondervindelik verklaar dat Hy betroubaar en getrou is.

Ons word herinner aan Paulus se uitroep: *“Inderdaad reken ek alles as verlies, ter wille van die uitnemendheid daarvan om Christus Jesus, my Here, te ken”* (Fil. 3:8 DV). Vir Paulus is hierdie persoonlike, intieme kennis van Jesus die kosbaarste ding in sy lewe. Soos iemand skryf, hierdie kennis hang saam met oorgawe, intimiteit, eer, verwondering, 'n dinamiese, inniger besef van God se wil, 'n fondasie vir Christelike karakter, en die ideale balans tussen die rasonele en emosionele aspekte van my verhouding met God. Benson verwys na *“experimental and practical knowledge of Christ, as my Lord, as my teaching Prophet, my delivering and ruling King, reigning in my heart by His grace, and governing my life by His laws.”* Nog iemand skryf, *“[The glory of knowing Christ,] like the rising sun, overwhelms and hides all lesser lights.”* Wat 'n kosbare voorreg het elkeen van ons om genooi te word tot die dieper waters van 'n inniger kennis (*“experiential and relational understanding and perception”*) en verhouding met die Here!

## SAMEVATTING

Jesus, die Goeie Herder, roep Sy skape. Ons moet op hierdie Roepstem reageer en 'n pad met Hom begin stap. Ons kan Hom vertrou en in ons verhouding met Hom kry ons bevestiging dat Hy hierdie vertrou waardig is. Dan kom ons tot die besef dat hierdie innige verhoudingskennis meer werd is as enigiets anders. Hoe ver het jy al gevorder op die pad van heilskennis en verhoudingskennis? God nooi jou na dieper waters...

# STAY IN YOUR LANE

*“For we are God’s workmanship, created in Christ Jesus to do good works, which God prepared in advance as our way of life” (Ephesians 2:10, Berean Standard Bible).*

## INTRODUCTION

Each of our lives is far more than mere existence. For you to be born, thousands of different aspects had to come together over hundreds of years. Just think of the miracle of your existence: For you to be born, you needed 4 094 predecessors over the last four hundred years. Just think about it: all the struggles, all the challenges, all the difficulties, all the mistakes, all the sadness and all the joys. Those who went before you had to experience all of this to bring about the conditions so that you could be here at this time in history. If even just one aspect had not happened, or turned out differently, you would not be here. But here you are! If you think that this myriad of things that needed to fall in place for you to be born was simply something that happened by default, that is to underestimate the wonder of life.

You are here and alive at this time by the very design of God, and His workmanship (His divine hand of providence) is written all over your life and down through the ages of time. You are unique in every way, the result of innumerable and untold things that came together in God’s remarkable plan.

It reminds me of my own mother’s story: she was born into a poor family and was one of five daughters. The sister born just ahead of her had died at the age of two from meningitis. Her parents never got over this loss. My mother was born into this environment of extreme sadness, the replacement daughter who could never replace the one that was lost. Yet God knew that He would use my mother to touch the lives of many people, especially women. She would remind them of how God loved them and how He wanted to use them, and who they were in Christ. She developed a series of books for Bible study purposes called KINGDOM WOMEN and many were helped and strengthened as a result.

The result of the coming together of our lives through our unique history and circumstances, sets us up to be used by God to do something (good works). In fact the Lord has prepared things that only you can do and He has done this in advance through the specific set of life circumstances

you were subjected to, and the unique process or treatment that brought you to this point (Eph. 2:10). This special gift that you bring to the world should become your way of life. Each one of us has a specific calling and purpose from God.

When we operate in that calling, we experience fulfilment and effectiveness. However, many get distracted, compare themselves to others, or take on things they were never meant to do. True success comes from staying in the lane God has set before us. God has uniquely designed and equipped each of us for His purpose.

## 1. KNOWING WHAT YOU ARE CALLED TO DO

When I was a child my mother would tell me the story of Joseph and the route he had to pass through to get to God’s final destination for his life. She would tell me that although Joseph did not understand why he had to go through certain things, those things were all part of the blueprint of God for his life. A blueprint is a copy of a map, or a drawing or a plan of something still to be developed. Although, while we are going through the issues of life, we may not be able to see the sense in everything, God is at work.

Our stumbling block may become our stepping stone. Seemingly unnecessary obstacles or setbacks in life can actually bring change and transformation, opening up a door of opportunity. These very things can make our lives of value to God and to others. Out of our misery can come our ministry.

Discovering your calling requires seeking God through prayer and His Word. Years ago I attended a sermon by Dr Myles Munroe. He was speaking on the subject of purpose. He encouraged us to read God’s Word. He said that as we did this we would find that we identify with certain thoughts and ideas. He mentioned that these very things, that we identified, would be indicators of purpose and would help us to discover what we are called to do. I did this and every time I came to a verse about encouraging people, strengthening people, giving hope to people, helping to repair the breach that had developed between them and the Lord, I would say - This is me, I can, and I must do this!

Often, our calling aligns with the gifts and passions God has placed in us. It was in my very



nature to be an encourager. The Holy Spirit guides and confirms our calling as we walk in faith. It is not about what seems impressive, but about what God has assigned to us. **Obedience to God’s calling leads to peace and purpose.** Jonah ran from his calling and faced turmoil, but when he obeyed, he saw God’s power at work.

## 2. STAYING IN YOUR LANE

My lane, my purpose and my calling, was simply to encourage people with the Word of God which is alive and powerful. For you it may well be completely different. As I busied myself with being an encourager, people would come to me and tell me that I should do something different. Some felt I should move away from encouraging people and start to teach them. Others felt I should not just encourage people but I should tell them that every blessing was conditional on their behaviour. Sometimes I could see their point, but I would remind myself of my calling and that I should ‘stay in your lane’ because God would call others to fulfil other parts of the big picture.

It is easy to look at others and feel the pressure to do what they are doing. Comparison leads to distraction and discouragement. 1 Corinthians 12:12 reads, *‘For as the body is one and has many members, but all the members of that one body, being many, are one body, so also is Christ.’* Just as each part of the body has a function, each person has a unique role. Running someone else’s race leads to frustration and ineffectiveness. **Focus on what God has given you to do, and trust that it is enough.**

## 3. AVOIDING DISTRACTIONS

The enemy often uses distractions to try and pull us away from our calling. I grew up as the son of a pastor. My father ran a wonderful church that had 6 500 mem-

bers at the time of his passing. The Lord had allowed this church to grow and become an influence in our country. My father’s calling was to help people in their pursuit of God and His precious Holy Spirit. He loved the local church and to be able to work with and encourage other pastors in the work of the ministry.

